

IN DIE HOOGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

HEAL DEUR WAT NIE VAN TOEPASSING IS NIE	
(1) RAPPOORTEERBAAR: JA/NEE.	
(2) VAN BELANG VIR ANDER REGTERS: JA/NEE.	
(3) HERSIEN.	
DATUM 7/3/05	HANDTEKENING <i>C. Botha</i>

SAAKNOMMER: 1242/2004

8/3/2005

In die saak tussen:

MAKHAFOLA UC PROJECTS (EDMS) BPK EN

APPLIKANT

BITLINE SA 368 BK

RESPONDENT

UITSPRAAK

BOTHA. R.:

In hierdie saak appelleer die verweerder teen 'n vonnis van R13 676-49 wat in die landdroshof te Pretoria teen hom toegestaan is.

Die appel opper in wese drie aangeleenthede:

- (a) die landdros se bevinding dat die eiser 'n beslote korporasie is en derhalwe *locus standi iudicio* het,
- (b) die landdros se bevinding dat mnr Johan Henning die magtiging gehad het om die verweerder te bind,

- (c) die koste van 'n uitstel van die saak op 9 Desember 2003.

Wat betref die eerste vraag het die eiser niks meer gedoen as om die getuienis te lei van mnr van der Westhuizen junior, 'n werknemer, en mnr van der Westhuizen senior, na bewering sy enigste lid, en om 'n vonn 'n CK2 voor te lê. Die vonn CK2 is 'n gewysigde stigtingsverklaring wat die stempel van die Registrateur van Beslote Korporasies dra, die eiser se registrasie nommer bevat, en mnr van der Westhuizen senior aandui as die enigste lid.

Mnr du Preez wat namens die verweerder verskyn het, het betoog dat die korrekte manier om die inlywing van die eiser te bewys, was om 'n sertifikaat ingevolge artikel 14(1) van Wet 69 van 1984, voor te lê. Artikel 14(1) bepaal dat so 'n sertifikaat bewys van die inlywing van 'n beslote korporasie sal wees. Na my mening doen dit nie daaraan af dat die vonn CK2 *prima facie* aandui dat die eiser wel ingelyf is nie. So 'n dokument kon nooit uitgereik gewees het ten aansien van 'n nie-bestaande entiteit nie. Sien artikel 15(2B) van Wet 69 van 1984. Gevolglik meen ek dat die landdros tereg bevind het dat die eiser wel sy *locus standi iudicio* bewys het, veral aangesien die verweerder geen getuienis tot die teendeel aangebied het nie.

Die getuienis in die saak het eintlik gegaan oor die eisbedrag. Dit was gemene saak dat die eiser vir 'n aantal projekte vim die verweerder as sub-kontrakteur opgetree het. Die geskil gaan meer bepaald oor sekere werk wat gedoen is op 'n projek by die SABC.

Die samestelling van die eisbedrag verskyn op p 39 en 40 in nadere besonderhede wat die eiser op 9 Oktober 2002 verskaf het. Die bedrag van R15 901-83 wat op 7 September 2002 ontvang is, is getender in die verweerder se verklaring ter opponering van 'n aansoek om sumiere vonnis.

Ten aansien van die bedrag van R53 877-43 wat geeis word ten aansien van die SABC 1 projek beweer die verweerder dat die kontrakprys R40 900-00 is. Die verweerder ontken ook aanpreeklikheid ten aansien van die R700-00 wat ten aansien van die SABC 3 projek geeis word. Dit is in wese waaroor die geskil ten aansien van die eisbedrag gaan.

Mnr van der Westhuizen junior het verduidelik dat die eiser op 29 Julie 2001 R40 900-00 gekwoteer het vir die SABC 1 projek. Sien p 108, bewysstuk E 2. Die kwotasie was vir staalrame. Die staalrame was balustrades by die SABC se parkeer area.

Hy het die kwotasie aan die verweerder se mnr Johan Henning voorgele. Toe hy die kwotasie persoonlik aan mnr Henning oorhandig, het mnr Henning vir horn gese dat hy vergeet het om die sogenaamde "entrance elevation", 'n ingangsraamwerk by te sit. Mnr Henning het horn gevra ofhy nie die werk ook wou doen nie en het horn twee kwotasies getoon en horn versoek om minder te kwoteer.. Die prys is uitgewerk en dit is toe bygevoeg by sy kwotasie om die totale kontrakprys op R53 877-43 te staan te bring. Dit is ingevul op 'n bestelvorm van die verweerder deur Van Der Westhuizen junior en deur mnr Henning geteken. Van Der Westhuizenjunior het dit ook geteken.

Later het dit geblyk dat die raamwerk nie wyd genoeg was nie en is die eiser gevra om dit wyer te maak. Daarvoor is 'n verdere opdrag op 7 November 2001 gegee. Daar is 'n bestelvorm uitgereik vir die verlenging. Die bedrag daarvoor was R700-00. Sien p 125, bewysstuk E 12. Hierdie bestelvorm is deur a dame by die verweerder ingevul. Die raamwerk met verlenging en al is deur die eiser opgerig.

Hy het in kruisverhoor bevestig dat daar 'n werkwyse was waarvolgens die eiser gekwoteer het en dat 'n bestelvorm uitgereik is in die handsrif van 'n dame by die verweerder as die kwotasie aanvaar is. Hy het bevestig dat die prosedure gevolg is ten aansien van die twee Lyttelton projekte, en die P & P projekte en die SABC 2 projek wat op p 39 voorkom. In al daardie gevalle is die eiser betaal.

Wat betref die kwotasie gedateer 30 Julie 2001 het hy getuig dat hy mnr Henning daar laat teken het omdat hy dit ingevul het.

Hy is verwys na bewysstuk E 4(1) (sien p 115), 'n weergawe van die bestelvorm van 30 Julie 2002 waarop die bedrag uitgetipex is en waar die volgende bedrae voorkom:

R40 900-00 en R3 350-00. Die twee bedrae was nie in sy handskrif nie, maar die res van die dokument wel. Hy kon nie verklaar wie die bedrag uitgetipex het nie en wie die bedrae van R40 900-00 en R3 350-00 daar ingeskryfhet nie.

Hy is verwys na rekening wat op 3 Oktober 2001 uitgestuur is, bewysstuk E 9 op P 122. Dit is 'n rekening van die eiser aan die verweerder ten opsigte van "Steelwork,

entrance elevation SABC JHB". Dit is vir R32 720-00 en gee voor om 80% van die totaal te verteenwoordig.

Hy is daarop gewys dat die volle totaal, as R32 720-00 80% was, R40 900-00 sou wees. Hy het toegegee dat hy die rekening uitgeskryf het, maar het getuig dat die berekening gedoen is deur 'n mnr Troskie wat by die verweerder gewerk het. Mnr Henning was toe nie meer in die verweerder se diens nie.

Mnr Pienaar, die hoof uitvoerende beampte van die verweerder het getuig dat verteenwoordigers, soos mnr Henning, kwotasies van sub-kontrakteurs uitgewin het, dat indien hy kwotasies goedgekeur het mev Felicity Engelbrecht dan die bestellingsvorms uitgereik het. Hy het verwys na die P & P en Lyttelton projekte waar die prosedure gevolg is. Wat betref die bestelvorm met die bedrag van R53 877-47 het hy getuig dat hy die handtekening van mnr van der Westhuizen herken het, maar nie die ander handtekening nie. Hy kon nie se of dit mnr Henning se handtekening was nie. Die handskrif op die vorm is ook nie die van mev Engelbrecht nie. Mnr Henning was nie by magte om enige opdrag vir die werk te gee nie. Hy weet nie van enige ekstra kwotasie wat vir die werk gegee is nie.

Die rekening van R32 720-00 wat verkry is, blyk te wees 'n rekening ooreenkomstig die kwotasie van R40 900-00.

Hy was nie op die perseel toe die staalwerk gedoen is nie. Hy het saamgestem dat die materiaal op die oorspronklike kwotasie nie geskik is vir 'n entrance elevation nie.

Toe dit aan horn gestel is dat mm Henning mm van der Westhuizen junior geskakel het en vir horn gese het dat hy die werk dadelik wou goedgekeur sodat dit aan die gang kon kom, het hy gese dat dit waarskynlik was, maar nie noodwendig nie.

Mev Engelbrecht het getuig dat kwotasies ingewin word en dan aan mm Pienaar voorgele word. As hy dit goedkeur, werk sy bestellings uit. Sy het met verwysing na die dokumentasie verduidelik watter bestellings sy uitgereik het. Die bestelling met die bedrag R53 877-43 is nie in haar handskrif voltooi nie. Sy weet nie of mm Henning se handtekening daarop voorkom nie.

Met verwysing na die bestelvorm waarop die bedrag van R53 877-43 uitgetipex is., het sy getuig dat sy nie weet in wie se handskrif die bedrae van R40 700-00 en R3 350-00 geskryf is nie.

Met verwysing van die bestelvorm gedateer 7 November 2001 het sy aanvaar dat die woorde "verleng ingang" moes verwys het na 'n verlenging van die "entrance elevation".

Die landdros het bevind dat die oorwig van waaarskynlikhede daarop dui dat mm Henning die verweerder gebind het ten aansien in die kontrak wat op 30 Julie 2001 tot stand gekom het. Sy het bevind dat mm van der Westhuizen junior se getuienis dat mm Henning namens die verweerder opgetree het, gestaaf word deur die opdrag vir die verlenging van die ingang wat op 7 November 2001 kragtens die bestelvorm gedateer daardie dag gegee is.

Na my mening dui die getuienis duidelik dat mnr Henning nie op 30 Julie 2001 gemagtig was om kwotasies te aanvaar nie. Dit was die getuienis van mnr Pienaar en mnr Engelbrecht, tot 'n mindere mate, wat nie weerle is of selfweerle kan word nie.

Daar kan ook nie gese word dat mnr Henning as verkoopsman wat kwotasies moes inwin, stilswyende of inbegrepe magtiging gehad het om kwotasies te aanvaar nie. Die eiser het nie 'n basis vir so 'n bevinding gele nie. Die getuienis is eerder tot die teendeel, naamlik dat in alle gevalle behalwe een die prosedure gevolg is wat mnr Pienaar en mnr Engelbrecht beskryf het.

Mnr Vorster het namens die eiser gesteun op die *Turquand* reel. Na my mening is dit nie van toepassing waar dit gaan, nie om die vraag of weens een of ander reel van interne bestuur die transaksie *intra vires* die verweerder maatskappy was nie, maar doodgewoon of dit gemagtig was. In hierdie geval gaan dit klaarblyklik oor 'n transaksie wat die eiser kon aangaan. Die vraag is of mnr Henning gemagtig was om dit aan te gaan. Dit is 'n vraag van verteenwoordigingsreg. Sien Wolpert, *Uitzigt Properties (Pty) Ltd and others* 1961(2) SA 257 W 263 C - D en *Tucker's Land Development Corporation (Pty) Ltd v Perpellief* 1978(2) SA TPD op 15 E - H. Sien ook *C J Mathebala t/a Nxolwane Bulk Store v University of the North* [1998] 3 All SA 477 T op 487 - 488.

Die eiser sou denkbaar op estoppel kon steun uit hoof de van die feit dat mnr Henning in staat gestel is om met die verweerder se bestelvorms om te gaan op 'n wyse wat die indruk kon skep dat hy gemagtig was. Die eiser het egter nie in sy pleitstukke op estoppel gesteun nie. Dit is iets wat in 'n replikasie tuishoort. Waar estoppel nie

gepleit is nie, kan die eiser horn nie daarop verlaat nie. Sien **Broderick Motors Distributors (Pty) Ltd v Burger 1968(2) SA 1, op 5 A.**

Daar is 'n ander basis waarop die elser aanpreeklik gehou kan word en dit is ratifikasie. Dit is na my mening duidelik dat die ekstra werk in die bestelvorm gedateer 30 Julie 2001 ingesluit, naamlik die "front elevation", wel gedoen is. Dit is ook duidelik dat die verlenging van die vooraansig ("front elevation") wel gedoen is. Dit blyk uit die getuienis wat die vooraansig was, naamlik 'n staal raamwerk by die ingang van die perseel waardeur voertuie moes beweeg. Die verlenging van die vooraansig het behels om dit wyer te maak sodat twee voertuie langs mekaar daardeur kon ry.

Waar dit gemene saak is dat die bestelvorm vir die verlenging van die vooraansig reelmatig uitgereik is, volg dit na my mening onvernynlik dat die uitreik van daardie opdrag noodwendigerwys die bekragtiging van die oprigting van die vooraansig moes ingesluit het. Die verlenging of verwyding van die vooraansig maak net eenvoudig geen sin as daar nie 'n vooraansig is nie. Na my mening moet daar op die waarskynlikhede aanvaar word dat die verweerder ten minste op 7 November 2001 kennis geneem het van die oprigting van die vooraansig en dit bekragtig het. Die getuienis van mnr Pienaar en veral mev Engelbrecht dat hulle geen kennis gehad het van die vooraansig, maak in die omstandighede geen sin nie.

Die ratifikasie het terugwerkende krag. Sien **Lawsa 2de uitgawe, paragraaf 207.** Die opdrag moet dus beskou word as gegee te wees op 30 Julie 2001.

Mnr Du Preez het betoog dat ratifikasie gepleit moes gewees het. Ek kon geen gesag daarvoor vind nie. Ratifikasie is 'n feitevraag. Rektifikasie kan stilswyend en by wyse van gedrag plaasvind. Dit is na my mening presies wat hier gebeur het.

Die verweerder is in elk geval aanspreeklik vir die betaling in die bedrag van R 700-00 vir die verlenging van die front elevation uit hoof de van die bestelling gedateer 7 November 2002. Dit is 'n bestelling deur mev Engelbrecht uitgereik. Daarvoor is nie betaal nie.

Die verskil tussen R53 877-43 en R40 900-00 beloop R12 977-43. Die eiser se eis het R3 676-00 beloop. Die verskil tussen R12 977-43 en die eiser se eis is basies, op 'n paar sent na R 700-00, met ander woorde die bedrag van die bestelling van 7 November 2002. Dit is duidelik dat as mnr Pienaar se summiere vonnis verklaring bestudeer word, die bedrag van R 15 901-83 deur verweerder inbetaal, bereken is sonder om aanspreeklikheid vir die bedrag van R 700-00 in te sluit.

Weens al die redes is ek van oordeel dat die eiser sy eis bewys het ten aansien van die oprigting van die vooraansig asook die verlenging daarvan.

Die appel gaan ook oor die koste van uitstel op 9 Desember 2003.

Die eiser het die uitstel gevra maar daar is nie destyds 'n kostebevel daaroor gemaak nie. Aan die einde van die saak het die verweerder se prokureur betoog dat die eiser in elk geval die koste van daardie uitstel moet betaal. Die landdros het nie na die aangeleentheid verwys nie, en eenvoudig koste aan die eiser toegeken. Ook na ontvangs van die appel kennisgewing het die landdros nie na die aangeleentheid

verwys nie. Sy het nie verklaar wat haar redes vir die kostebevel was nie en of dit die onbeslegte koste van die uitstel ingesluit het nie. Ek sal aanvaar, omdat die appellant dit so aanvaar het, dat die landdros bedoel het om die koste van die uitstel in te sluit by haar kostebevel.

Dit is duidelik dat die eiser se blootleggingsverklaring tegnies nie in orde was nie omdat die deponent nie verklaar het dat hy die dokumente wat hy blootle namens die eiser beslote korporasie besit nie.

Die feit dat 'n litigant vanwee gebrekkige blootlegging 'n uitstel moet aanvra, beteken nie dat hy noodwendig die koste van so 'n uitstel moet betaal nie. Sien **Venter v Du Plessis 1980(3) SA 151 T op 153 H**. 'n Party wat 'n gebrekkige blootleggingsverklaring ontvang kan behoorlike nakoming van Reel 23 ingevolge Reel 60(2) afdwing. Die is onredelik van 'n party om tot die laaste tippie te wag, wanneer 'n uitstel onafwendbaar is, om sy regte af te dwing. Hy kan nie net stilsit en swyg nie. Sien **Webster v Webster 1992(3) SA 727 OK**. As dit in hierdie geval geblyk het dat die blootleggingsverklaring berekend opgestel is om dokumente te verberg, sou daar geen twyfel gewees het dat die eiser die koste van die uitstel moes betaal nie. So iets het nie aan die lig gekom nie en ek moet aanvaar dat die blootlegging, wat inhoud betref, volledig was, maar dat die verklaring net tegnies gebrekkig was, omdat die deponent, 'n natuurlike persoon, gese het dat hy die dokumente in sy besit het. Die fout is klaarblyklik in die verdagting reggestel. As die verweerder die beswaar eerder geopper het was daar geen rede vir 'n uitstel nie.

Mnr Du Preez het daarop gewys dat die verweerder se prokureur die gebrek in die blootleggingsverklaring eers die nag voor die eerste verhoordag agtergekom het. As dit so is wys dit net hoe tegnies die punt was. Toe hy die inhoud wat blootgele is nagegaan het, het hy niks ongerymds agtergekom nie. As die tegniese gebrek vir horn so belangrik was, moes hy dit vroeër raakgesien het. Onder al die omstandighede is ek van oordeel dat die billikste kostebevel juis is dat die koste van die uitstel koste in die geding moet wees.

Gevolglik kan die appet op hierdie punt ook nie slaag nie.

Onder die omstandighede word die volgende bevel gemaak:

Die appel word met koste van die hand gewys.



C BOTHA REGTER VAN DIE
HOOGGEREGSHOF

Ek stem saam:



F J J OOSTHUIZEN
W AARNEMENDE REGTER V AN DIE HOOGGERECSHOF

MAKHAFOLA DC PROJECTS (EDMS) BPK

VS

BITLINE SA 368 BK

SAAKNOMMER: A1242/2004

DATUM AANGEHOOR:	28 FEBRUARIE 2005
REGTER:	BOTHA, R et JOOSTE, WR
PROKUREUR VIR APPLIKANT:	ROSS & JACOBS ING 2DE VLOER, R & J GEBOU ARCADIA PRETORIA
ADVOKAA T VIR EISER:	ADV DU PREEZ
PROKUREUR VIR RESPONDENT:	EY STUART ING 2DE VERDIEPING EDWARD CHAMBERS PAUL KRUGERSTRAAT 336 PRETORIA
ADVOKAA T VIR RESPONDENT	ADV VORSTER
DATUM V AN UITSpraak:	8 MAART 2005